

FAKULTEIT TEOLOGIE

RIGLYNE VIR DIE EKSAMINERING VAN 'N SKRIPSIE, VERHANDELING OF PROEFSKRIF

U aandag word op die volgende algemene en beoordelings riglyne gevestig:

1. Algemene riglyne

Vereistes waaraan skripsie of verhandelinge moet voldoen

'n Skripsie of verhandeling moet bewys lewer dat die student met die metode van navorsing vertrouwd is.

'n Skripsie of verhandeling moet ten opsigte van tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die Fakulteit daarstel.

Vereistes waaraan 'n proefskrif moet voldoen

'n Proefskrif moet 'n onmiskenbare wetenskaplike bydrae tot die kennis van en insig in die vakgebied en bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die blootlegging van nuwe feite, of deur die uitoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Die vorm en taalversorging van 'n proefskrif moet bevredigend wees en voldoen aan die vereistes wat die fakulteit daarstel.

2. Beoordeling

Besondere riglyne vir die eksaminering van die skripsie, verhandeling of proefskrif verskyn in die aangehegte eksamineringsverslag.

Aan die einde van die eksamineringsverslag, moet u volgens u globale beoordeling tussen 5 aanbevelingsopsies kies.

- Indien u aanbeveel dat die skripsie, verhandeling of proefskrif onvoorwaardelik aanvaar word (opsie 1), voltooi u die eksamineringsverslag en dien dit in.
- In gevalle waar u opsie 2 tot 4 aanbeveel, moet u asseblief in die eksamineringsverslag die foute en/of leemtes van die navorsing weergee, asook aanbevelings vir hersiening en regstelling gee. U kan ook regstellings elektronies in die skripsie, verhandeling of proefskrif aandui, en dit dan saam met u voltooide eksamenverslag instuur.
- In gevalle waar u opsie 5 (nie-aanvaarding) aanbeveel, moet u asseblief in die eksamineringsverslag duidelik aandui wat die rasionaal vir die nie-aanvaarding van die skripsie, verhandeling of proefskrif is.

Die volgende algemene riglyne word in die Handleiding vir nagraadse studie uiteengesit en die eksaminator word versoek om die skripsie, verhandeling of proefskrif hiervolgens te beoordeel.

3. Beoordelingsriglyne

Die onderwerp

- Is die gekose onderwerp sinvol begrens, toepaslik en navorsingswaardig ?
- Is die navorsingsontwerp wetenskaplik begrond?

Probleemstelling, doelstellings en waar van toepassing, hipoteses of sentrale teoretiese stelling

- Is dit duidelik en ondubbelsinnig geformuleer, sluit dit by mekaar aan en hou dit verband met mekaar?

- Is die probleemstelling wetenskaplik relevant en die doelstellings duidelik?

Die navorsingsmetode

- Toon die studie dat die student die metodologiese onderbou voldoende beheers?
- Is die navorsingsmetode/s gepas, op kritiese en verantwoorde wyse gekies en duidelik beskryf?
- Blyk dit dat die student die metodes en/of tegnieke ook behoorlik beheers?

Wetenskaplike verwerking, inhoud en bydrae wat die werk lewer

- Is die werk sistematies, logies opgebou en goed gestruktureer en gebalanseer?
- Vorm die hoofstukke sinvolle eenhede?
- Gee die inhoud blyke van diepgaande kennis van die navorsingsterrein?
- Blyk dit dat die student op wetenskaplike wyse kan interpreteer en argumenteer, krities met verskillende standpunte en teorieë kan omgaan, en waar nodig 'n eie standpunt kan stel en begrond?
- Is die finale samevatting sinvol en gee dit die gees van die studie duidelik weer?
- Word die relatiewe betekenis van die studie kernagtig weergegee?
- Is die gevolgtrekkings in pas met die probleemstelling en doelstellings van die studie?
- Maak die student sinvolle aanbevelings wat deur ander studies opgevolg kan word?
- Kom die student met sinvolle en oortuigende probleemoplossings?
- Word die gestelde doelstellings bevredigend bereik?
- Is daar voldoende aandag gegee aan die interne sowel as eksterne geldigheid van die bevindinge en interpretasie?
- Getuig die werk van oorspronklikheid wat betref kennisontginning en/of -ontwikkeling?
- Is die werk of gedeeltes daarvan publiseerbaar?
- Is die werk vakfilosofies en wetenskapsteories verantwoord (waar van toepassing)?

Bronnestudie

- Gee die student blyke van 'n deeglike kennis van die verbandhoudende literatuur en dat op 'n argumenterende, kritiese en geïntegreerde wyse daarmee omgegaan is, of word dit slegs gebruik vir sover dit die student se eie standpunte ondersteun?
- Is die regte, beskikbare en verbandhoudende literatuur geraadpleeg en op 'n aanvaarbare wyse gebruik?
- Is in die geval van kwalitatiewe studies genoegsame literatuurkontrolle uitgevoer?

Taal en styl, tegniese samestelling, versorging en afwerking

- Is die skryfstyl en uitdrukkingsvermoë van die student op peil, en is die teks goed leesbaar (t.o.v. lettergrootte, tikformaat en reëlspasiëring) en taalkundig versorg?
- Beantwoord die skripsie/verhandeling/proefskrif, wat tegniese afwerking betref aan die vereistes (titelblad, inhoudsopgawe, voetnote, verwysingstegniek, grafieke, figure en tabelle, bronnelys)?
- Is daar 'n opsomming in Afrikaans/Engels asook bylae van tersaaklike navorsingsdokumente?
- Is die druk- en bindwerk volgens standaard?

4. Algemene kommentaar

Het u enige ander kommentaar oor die gehalte van die werk?